

## De Goede Hoop Koshuis

### Inligtingsbrief 2022

Beste student,

Baie dankie vir jou navraag vir verblyf in De Goede Hoop-koshuis.

#### Hiermee meer inligting oor die koshuis:

- Elke student bly in sy/haar eie kamer. Daar is verskillende tipes kamers; koshuiskamers, gedeelde woonstelle, kommunes en tuinwoonstelle. Mans en dames bly apart.
- Geriewe sluit in: IT-lokaal met internet en werkspasie; wasgeriewe met wasmasjiene en tuimeldroërs; veilige parking; klubhuis, gemeenskaplike kombuise, braaigeriewe en heerlike grasperke om te ontspan.
- Elektrisiteit en parking word ingesluit by jou huurbedrag.
- Elektriese heining rondom die terrein en 24-uur sekuriteitswagte.
- Gedeelde areas word weksdae skoongemaak.

#### 2022-tariewe:

	Deposito	1x Maand se huur
Eenmalig (betaalbaar voor okkupasie)	Administrasiefooi	R1 500 – Nuwe studente R1 000 – Huidige studente
	Wi-Fi	R2 000
Maandeliks	Huur (verskil van kamer tot kamer)	Vanaf R4 650 tot R6 285

#### Prysuiteensetting van kamers:

- |                   |        |                                 |        |
|-------------------|--------|---------------------------------|--------|
| 1. Koshuiskamers: | R4 650 | 5. Kamer met badkamer:          | R5 460 |
| 2. Kleinkamers:   | R4 650 | 6. Woonstel 2 of 3 slaapkamers: | R5 460 |
| 3. Mediumkamers:  | R4 780 | 7. Klein eenmanwoonstelle:      | R5 875 |
| 4. Grootkamers:   | R4 920 | 8. Groot eenmanwoonstelle:      | R6 285 |

\*Kamers word deur die Huiskomitee en Koshuiskantoor toegeken en sal gekommunikeer word.



**In elke kamer** is 'n enkelbedbasis, lessenaar, boekrak en ingeboude kas. Jy hoef dus net jou eie matras, beddegoed, gordyne (gewone standaard lengte), eie stoel, asblik en persoonlike goed te bring. Geen spykers mag in enige mure geslaan word nie.

**Badkamers** is toegerus met toilette, wasbakke en storte. Bring jou eie stortmatjie saam.

**Kombuise** is met 'n ys-vrieskas en tweeplaatstoof toegerus. Elke student is verantwoordelik vir eie potte, panne, glase, borde, bekere en eetgerei. Kroegskassies word in die kamers toegelaat. Eie skoonmaakmiddels, lappies en sponsies moet hier voorsien word.

Industriële wasmasjiene en tuimeldroërs is beskikbaar teen R30 per was. Dié masjiene neem R5 silwermunte.

Deposito, eerste maand se huurgeld, Wi-Fi en administrasiegelde is betaalbaar voor okkupasie.

Vir verdere navrae, stuur gerus 'n e-pos na [admin@degoedehoop.co.za](mailto:admin@degoedehoop.co.za) of WhatsApp na 071 625 4489.

De Goede Hoop-groete

